Die Hoërskool Menlopark

PROSEDURE VIR DIE TOEKENNING VAN KLEURE EN EREKLEURE

ALGEMEEN

- Slegs leerders wat aan die vereistes vir die toekenning van kleure en erekleure voldoen, mag kleure en erekleure dra. Die vereistes vir die toekenning van kleure en erekleure word in die skoolbeleid uiteengesit.
- Kleure en erekleure word deur die amptelike kleurekomitee, wat deur die skoolhoof aangewys en aangestel word, toegeken.
- Die kleurekomitee word soos volg saamgestel en vergader weekliks:
  - Mnr. Schalk Reynders — Skoolhoof
  - Me. Esmé Claassen — Adjunkhoof en sameroeper
  - Mnr. Nico Erasmus — Senior adjunkhoof
  - Mnr. Harm van Helsdingen — Senior adjunkhoof
  - Me. Ermyntrude Foord — Adjunkhoof
  - Mnr. Johan Grové — Adjunkhoof
  - Me. Hannaliza Fechter — Adjunkhoof

PROSEDURE

- Die personeellid of organiseerder wat aan die hoof van ŉ aktiwiteit staan, maak aan die einde van ŉ seisoen, óf wanneer die aktiwiteit afgehandel is, ŉ lys met name van leerders wat vir kleure of erekleure kwalifiseer. Hierdie lys, met skriftelike bewyse, word aan die sameroeper van die komitee voorgelê.
- Wanneer die kleurekomitee die lys goedgekeur het, mag ŉ sertifikaat aan die leerder uitgereik word en die balkie aangekoop en gedra word.
- Leerders wat kleure of erekleure by ŉ ander hoërskool verwerf het, mag Die Hoërskool Menlopark se kleure en erekleure dra wanneer hulle by Die Hoërskool Menlopark inskryf, mits die prestasie by die vorige skool aan ons vereistes vir kleure en erekleure voldoen. Hierdie aansoeke moet, met bewyse, by die sameroeper van die kleurekomitee ingedien word wat dit vir oorweging aan die kleurekomitee sal voorlê.
- Die kleurekomitee is by magte om kleure of erekleure terug te trek wanneer dit onder die kleurekomitee se aandag kom dat ŉ draer van die kleure of erekleure die skool oneer aandoen. In só ŉ geval sal die kleurekomitee, nadat die geval deeglik ondersoek is, op ŉ amptelike kleurekomiteevergadering bespreek is én daar ŉ geldige besluit in dié verband geneem is, ŉ aanbeveling aan die skoolhoof voorlê. Die finale besluit in hierdie verband en die uitvoering daarvan berus by die skoolhoof.

Die Hoërskool Menlopark

DRA VAN BALKIES EN ANDER TOEKENNINGS

- Die reglement vir die toekenning van kleure en erekleure is in die skoolbeleid vervat. Hierdie reglement is enige tyd ter insae beskikbaar.
- Slegs balkies en ander toekennings wat deur Die Hoërskool Menlopark toegeken is, mag op die skoolbaadjie gedra word. Geen ander balkie, toekenning of medalje (hoe verdienstelik ook al) mag op die skoolbaadjie gedra word nie.
- Die skool ken twee soorte toekennings toe:
    - Kleure (die laer toekenning) wat die leerder toelaat om ’n wit balkie te dra.
    - Erekleure (die hoër toekenning) wat die leerder toelaat om ’n goue balkie te dra.
- Wanneer ’n leerder vir kleure of erekleure kwalifiseer, word ’n sertifikaat toegeken. Hierdie sertifikaat moet by die skool se leweransiers getoon word wanneer die betrokke balkie aangekoop word.
- Balkies word direk onder die sakwapen op die baadjie aangewerk. Die eerste balkie sal dus onder die wapen op die sak aangewerk word en nie onder die sak nie.
- Slegs een balkie per kategorie (bv. rugby, hokkie, akademie, ens.) word gedra.
- In die geval van ’n hertoekenning in ’n kategorie word slegs ’n sertifikaat toegeken: **’n Leerder dra nie ’n tweede balkie nie.**
- Wanneer ’n hoër toekenning in ’n kategorie ontvang word, word slegs die nuwe, hoër toekenning gedra. Die laer toekenning word verwyder.
- Wanneer erekleure die eerste keer toegeken word, verander die skoolwapen van ’n katoenwapen na ’n goue lurexwapen. Die oorblywende wit balkies (in ander kategorieë) verander terselfdertyd na silwer balkies.